



BELYDENDE LIDMATE – VRAESTEL

BESTEK	
<i>Ou Testament</i>	Rigters 1-4
<i>Nuwe Testament</i>	Handelinge 9-10
<i>Belydenisskrifte</i>	HK: v/a 24 - 49

Afdeling A – Rigters 1-4

Vraag 1 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 1.1 Watter stam moes na die dood van Josua eerste optrek teen die Kanaäniete? (Rigt. 1:1-2)
a) Juda b) Benjamin c) Gad d) Levi
- 1.2 Wat het hulle met Adoni-Besek gedoen toe hulle hom gevang het? (Rigt. 1:6)
a) hom aan 'n paal opgehang b) hom doodgemaak
c) sy duime en groottone afgekap d) hom gegésel
- 1.3 Wie het sy dogter Agsa beloof aan die man wat Kirjat-Sefer verslaan en dit inneem. (Rigt. 1:12)
a) Debir b) Josua c) Kaleb d) Josef
- 1.4 Hoekom kon Juda nie die bewoners van die laagte verslaan nie? (Rigt. 1:19)
a) hulle was te veel b) hulle was dapper
c) hulle het ysterwaens gehad d) hulle was moeilik om in die hande te kry
- 1.5 Watter plek is aan Kaleb gegee? (Rigt. 1:20)
a) Jerusalem b) Hebron c) Gilgal d) Sigem
- 1.6 Die huis van Josef het opgetrek na _____ toe. (Rigt. 1:22)
a) Bet-el b) Jerusalem c) Bethlehem d) Gilgal
- 1.7 Wat het Israel met die Kanaäniete gemaak toe hy sterk geword het? (Rigt. 1:28)
a) hulle alleen gelaat b) hulle dienspligtig gemaak
c) hulle doodgemaak d) hulle verjaag
- 1.8 Die engel van die Here het Israel sterk bestraf oor hulle die Kanaäniete nie verdryf het nie. Wat die Here van die Kanaäniete maak teenoor Israel? (Rigt. 2:3)
a) bondgenote b) niks nie c) hulle vyande d) hulle vriende
- 1.9 Op watter ouderdom het Josua gesterwe? (Rigt. 2:8)
a) 109 b) 110 c) 108 d) 107
- 1.10 Wat het die volgende geslag, wat na Josua gekom het, met die dade van die Here gedoen? (Rigt. 2:10)
a) dit verander b) dit vir hulle kinder geleer
c) dit onthou d) daarvan vergeet

Vraag 2 Vul die ontbrekende woorde op die antwoordstel in:

vyande, kinders, Astartes, verkeerd, Baäls, toorn, gesweer, beroof, kwade, ontvlam

- 2.1 **Rigt. 2:11:** En die A van Israel het gedoen wat B was in die oë van die Here: Hulle het die C gedien.
- 2.2 **Rigt. 2:13-14:** Maar toe hulle die Here verlaat en die Baäl en D dien, het die E van die Here teen Israel F, en Hy het hulle oorgegee in die hand van rowers wat hulle G het; en Hy het hulle verkoop in die hand van hulle H rondom, sodat hulle nie meer kon standhou voor hulle vyande nie.
- 2.3 **Rigt. 2:15:** Waarheen hulle ook al uittrek, was die hand van die Here teen hulle ten I, soos die Here gespreek en soos die Here vir hulle J het.

Vraag 3 Sê of die volgende Waar of Vals is. **Vul jou antwoord op die antwoordstel in:**

- 3.1 Wanneer Israel in groot benoudheid gekom het, het die Here weer vir hulle 'n rigter verwek om hulle te verlos uit die hand van die onderdrukkers. (Rigt. 2:15-16)
- 3.2 Die volk het ook nie lank na die rigters geluister nie en die gebooi van die Here nie meer onderhou nie. (Rigt. 2:17)
- 3.3 Israel het die kinders van Israel dan onder die Kanaäniete, Hetiete en Amoriëte en Hewiete en Jebusiete gewoon, en hul dogters vir hulle as vroue geneem en hulle eie dogters aan hul seuns gegee en hulle gode gedien. (Rigt. 3:5-6)
- 3.4 Otniël was die rigter wat teen die koning van Mesopotamië opgestaan het. (Rigt. 3:9)
- 3.5 Otniël was die seun van Kenas. (Rigt. 3:11)
- 3.6 Eglon van die koning van Moab. (Rigt. 3:12)
- 3.7 Die rigter Ehud het Eglon, die koning van Moab, doodgesteek. (Rigt. 3:21)
- 3.8 Die land het honderd jaar gerus nadat Moab verslaan was. (Rigt. 3:30)
- 3.9 Die Here het die leerowerste Sisera deur die hand van 'n vrou, Jael, laat sterwe. (Rigt. 3:9,21)
- 3.10 Die Here het Sisera met al die waens en die hele leer in verwarring gebring voor Barak. (Rigt. 3:15)

Vraag 4 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 4.1 Wat het Kaleb se skoonseun van hom gevra as 'n geskenk aangesien hy grond gehad het wat droog was? (Rigt. 1:14-15)
- 4.2 Wat was die werk van 'n rigter? (Rigt. 1:16)
- 4.3 Noem die name van 2 van die eerste 3 rigters. (2) (Rigt. 3:9, 15, 4:4)
- 4.4 Hoeveel jaar het Israel gerus na Otniël Israel verlos het? Is dit 20, 30 of 40 jaar? (Rigt. 3:11)

35 Punte

Afdeling B – Handeling 9-10

Vraag 5 Omkring die regte antwoord op die antwoordstel:

- 5.1 Voltooi: Saulus het nog dreiging en _____. (Hand. 9:1)
a) drama b) moord c) beskuldigings d) haat
- 5.2 Wat het die hoëpriester aan Saulus gegee om na Damaskus te kon gaan om te vervolg. (Hand. 9:1-2)
a) raad b) briewe c) hulp d) metgeselle
- 5.3 Wie sou Saulus geboeid na Jerusalem bring? (Hand. 9:2)
a) slegs manne b) slegs vroue c) manne sowel as vroue d) niemand
- 5.4 Wat het Saulus naby Damaskus omstraal? (Hand. 9:3)
a) 'n gees b) 'n krag c) 'n lig d) niks nie
- 5.5 Jesus het aan Saulus gesê dat Saulus Hom _____. (Hand. 9:5)
a) moet help b) in Jerusalem moet dien c) moet volg d) vervolg
- 5.6 Waarheen moes Saulus gaan na Jesus met hom gepraat het? (Hand. 9:6)
a) na die stad b) na Jerusalem c) woestyn toe d) nerens
- 5.7 Hoeveel dae lank kon Saulus niks sien nie. (Hand. 9:9)
a) drie dae b) twee dae c) een dag d) vier dae
- 5.8 Wie was die dissipel in Damaskus wat die Here na Saulus gestuur het. (Hand. 9:10-11)
a) Jakobus b) Petrus c) Ananias d) Barnabas
- 5.9 Na watter straat moes die dissipel van die Here reis om Saulus daar te vind. (Hand. 9:11)
a) kerkstraat b) pleinstraat c) reguitstraat d) klipstraat
- 5.10 Waarmee sou Saulus besig wees wanneer die dissipel van die Here hom sou vind. (Hand. 9:11)
a) hy sal houtwerk doen b) hy sal slaap c) hy sal preek d) hy sal bid

Vraag 6 Voltooi die volgende verse en vul die antwoord op die antwoordstel in:

konings, uitverkore, hande, broeder, Israel, Heilige Gees, voedsel, dissipels, Jesus, dae

- 6.1 **Hand. 9:15:** ...Gaan, want hy is vir my 'n **A** werktuig om my Naam te dra voor nasies en **B** en die kinders van **C**.
- 6.2 **Hand. 9:** En Annanias het gegaan en in die huis gekom en hom die **D** opgelê en gesê: Saul, **E**, die Here het my gestuur, naamlik **F** wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het, sodat jy weer kan sien en met die **G** vervul word.

- 6.3 **Hand. 9:19:** En nadat hy H gebruik het het hy weer sterk geword. En Saulus was 'n paar I saam met die J in Damaskus.

Vraag 7 **Sê of die volgende Waar of Vals is.**
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 7.1 Paulus het ongeveer 'n jaar gewag voor hy begin het om Christus te verkondig. (Hand. 9:20).
7.2 Almal was bly dat Saulus nou die evangelie van Christus verkondig het. (Hand. 9:21).
7.3 Saulus het al meer krag ontvang en die Jode in die war gebring dat Jesus die Christus is. (Hand. 9:22).
7.4 Die Jode het planne gemaak om Saulus dood te maak. (Hand. 9:23).
7.5 Saulus is in 'n mandjie afgesak en deur die muur neergelaat. (Hand. 9:25)
7.6 Die dissipels in Jerusalem was nie bang vir Saulus nie en wou graag hom ontmoet. (Hand. 9:26)
7.7 Petrus het Eneas genees in die naam van Jesus. (Hand 9:34)
7.8 Tabita het weer lewend geword nadat Petrus tot die Here gebid het. (Hand. 9:40)
7.9 Cornelius was 'n hoofman oor duisend. (Hand. 10:1)
7.10 Petrus sien 'n voorwerp soos 'n laken wat aan al vier hoeke vas is. In hierdie doek is daar verskillende diere. (Hand. 10:12)

Vraag 8 **Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:**

- 8.1 Watter tipe diere moes Petrus van eet in die visioen wat hy gehad het? Rein of onrein diere? (Hand. 10:14)
8.2 Kon die manne wat saam met Saulus op die weg na Damaskus was hoor wat vir Saulus gesê word? (Hand. 10:7)
8.3 Voltooi: Toe Saulus weer kon se sig herstel is, het daar iets soos _____ van sy oë afgeval. (Hand. 19:18)
8.4 Wat was die naam van die Jode se aanbiddingsplek in Damaskus waar Saulus begin het om die evangelie te verkondig? (Hand. 9:20)
8.5 Voltooi: Die dissipels in Jerusalem was vir Saulus bang, want hulle het nie geglo dat hy 'n _____ was nie. (Hand. 9:26)

35 Punte

Vraag 9 Sê of die volgende Waar of Vals is.
Vul jou antwoord op die antwoordstel in:

- 9.1 God het Homself geopenbaar in drie persone en een Goddelike wese. (vraag 25)
- 9.2 God het alles uit niks geskape. (vraag 26)
- 9.3 Alles in die skepping word nie genoegsaam onderhou nie. (vraag 26)
- 9.4 Alles word nie deur toeval nie, maar deur die vaderderlike hand van God aan die skepping gegee. (vraag 27)
- 9.5 Die voorsienigheid van God help ons om in teëspoed en voorspoed geduldig en dankbaar te vertrou dat God sal voorsien. (vraag 28)
- 9.6 Niks kan ons van die liefde van God skei nie. (vraag 28)
- 9.7 Niks kan teen die wil van God gebeur nie. (vraag 28)
- 9.8 Jesus word Saligmaker genoem aangesien Hy ons salig maak deur ons van sonde verlos. (vraag 29)
- 9.9 Daar is wel ander wat ook hierdie saligheid kan bring. (vraag 29)
- 9.10 Hy word Christus genoem, want Hy is die Gesalfde van God. (vraag 31)

Vraag 10 Vul ontbrekende woord op die antwoordstel in:

ewige lewe, enigste, mond, salwing, geloof, liggaam, dankoffer, end, gesterf, menslike

- 10.1 Voltooi: ...hulle verloën met die daad die A Saligmaker en Heiland, Jesus, ofskoon hulle met die B in Hom roem; (vraag 30)
- 10.2 Voltooi: Jy word Christen genoem omdat jy deur die C 'n lid van Christus is, en daardeur deel het aan sy D , sodat eksy Naam bely, myself as 'n lewende E aan Hom toewy... (vraag 32)
- 10.3 Ons verstaan aan die woordjie gely: Dat Hy aan F en siel die ganse tyd van sy lewe op aarde, maar veral aan die G , die toorn van God teen die sonde van die ganse H geslag gedra het... (vraag 37)
- 10.4 Christus is begrawe om aan te dui dat Hy waarlik I het. (vraag 41)
- 10.5 Elke mens moet steeds sterf nie as betaling vir ons sondes nie, maar 'n afsterwing van die sondes en 'n deurgang tot die J . (vraag 23)

Vraag 11 Beantwoord die volgende vrae op die antwoordstel:

- 11.1 In watter drie dele word die geloofsbelydenis verdeel? (vraag 24)(3)
- 11.2 Christus is die ewige en natuurlike Seun van God. Die gelowiges is egter uit genade _____ tot kinders van God. (vraag 33)

- 11.3 Ons noem Jesus ons Here aangesien Hy ons losgekoop het uit die mag van _____.
(vraag 34)
- 11.4 Noem die twee nature van God wat verduidelik word met die vraag: Wat beteken die woorde: *wat ontvang is van die Heilige Gees*? (vraag 35)(2)
- 11.5 Jesus was in alle opsigte aan die mens gelyk behalwe dat hy geen _____ gehad het nie. (vraag 35)
- 11.6 Voltooi: Christus moes onder die wêreldse regter Pontius Pilatus ly sodat Christus elkeen van die regverdige _____ van God kon bevry. (vraag 38)
- 11.7 Waarom was die kruisdood gekoppel aan vervloeking? (vraag 39)

30 Punte

Totaal: 100 Punte